

BAIE DANKIE

Aan die Personeel van Eldoraïne Aftree Landgoed, La Vie Care en verpleegpersoneel van die Departement Gesondheid.

Aan al die persone wat deel was van Vrydag 4 Junie se Covid-19 inentingsprogram; van die professionele personeel, die kantoorpersoneel tot die werkers.

Baie dankie vir die uitstekende organisasie, die ekstra werk, die geduld, die hulp en deernis en die vriendelikheid in die hantering van ons Seniors.

Opregte waardering van ons almal

Hantie: Eenheid 1119

BYSTANDKRAG

Omskakelaars, Sonpanele en Batterye

Met die oog op die volgehoue kragonderbrekings en Eskom beurtkrag, is die tendens dat al meer mense gebruik maak van omskakelaars, sonpanele en batterye. Daar is egter 'n hele paar slaggate en risikos daaraan verbonde.

-Die korrekte tipe omskakelaar. Die modulasie van die toestel is baie belangrik, want sekere modulasies kan nie met motors gekoppel word (CPAP, suurstofmasjiene, waaiers ens.) Dit veroorsaak oorverhitting by langdurige gebruik, asook geraas, omdat die motor nie glad werk nie.
-Die grootte van die omskakelaar is ook belangrik tov die behoefte/doel waarvoor die bystand nodig is.

-By oorweging van sonpanele is dit belangrik om te verseker dat die optimale kombinasie oorweeg word.

-Batterye, wat baie duur is, moet ook met oorleg beplan word. Uitbreiding is altyd moontlik, maar kan ook baie duur word met verkeerde keuses.

-Die volgende oorweging is integrasie met die huis se distribusiekas. Hier word dikwels onwettige en gevaarlike koppelings gedoen, wat latere kostes mag verhoog en versekeringseise mag repudieer. Selfs vervolging wanneer persone elektriese skokke opdoen.
-Kontrakteurs bring dikwels onnodige kapasiteit en toerusting aan, wat net die koste verhoog en geen werklike waarde-vir-geld bydraes maak nie.
-Allerlei ander verborge risikos en verrassings spruit gewoonlik te laat uit verkeerde opsies/besluite wat geld verkwis en frustrerend is.

Met die regte inligting kan u die regte vrae vra en sodoende die beste oplossing teen optimale en regverdige pryse verkry.
Met die oog op bogenoemde wil ek aanbied om vir u 'n adviserende diens te bied wanneer u bystandkrag oorweeg. Ek kan ook help met goeie leweransiers van toerusting en installasies. Doen dit alvorens u 'n kontrakteur nader.

Kontak Johan du Preez (intern by 3192 of 0832487353)

STANDBY POWER: Inverters, Solar and Batteries

In view of the continued power failures and Eskom load shedding, the tendency is to obtain and use some sort of standby power in the form of inverters, solar and batteries. With reference to this, there are a number of potholes and risks which may result from the consideration and/or acquisition of such systems.

-The correct modulation of the inverter, as certain modulations are not suitable to run motors (CPAP, oxygen generators, fans etc.) It can cause overheating in continuous use and also rough running and noise as motors are not running smoothly.

-The size of the inverter is important in view of your need/purpose of the standby required.

-When considering solar panels, it is important that the optimal combination is considered.

-Batteries are very expensive, should be planned with careful consideration. Expansion is always possible, however can become expensive with incorrect choices.

-The next consideration is the integration into the current home distribution board (DB) Very often total illegal and dangerous connections are made, leading to costly repairs/corrections afterwards, which could also lead to repudiation of insurance. Even legal prosecution in case of electrical contact.

-Also, quite often, unnecessary capacity and equipment is proposed by contractors, which only create increased cost with no real value-for-money contribution.

-Various other latent and hidden risks and surprises may result from incorrect options/decisions, which cause wasted money and lots of frustration.

-With being better informed you are in a position to ask the right questions and get the correct solution at the most optimal and fair price.

In view of the above said, I would like to offer an advisory service when you consider standby power. I can also assist in getting reliable suppliers of equipment and installation.

Do not hesitate to contact Johan du Preez on 3192 or 0832487353

ESTATE MATTERS: MANAGEMENT

1.The Home Owners Association (HOA) is a legal entity whose members are all property owners and shareholders at the retirement estate, which operates as a Section 21 company and who will control and manage all estate matters. During an Annual General meeting, once a year, 5 directors will be elected by the owners to serve on the Board of Directors.

2.Board of Directors. They are elected representatives of the HOA and carry out the HOA's functions and duties, such as managing the common property and maintain and administer the communal financial interest and obligations. (The directors at present: Wilma vd Berg (chairman); Johan du Preez (vice-chairman); Johan Alberts; Michael vd Berg; Ina Niemann.)

3.Managing Agent. Responsible for the running of the affairs of the estate in accordance with, inter alia, an array of requirements set in various acts. They also source, appoint and monitor service providers for catering, healthcare, gardening, security, cleaning, hair salon, beauty salon, tuck shop and laundry services. (The managing agent at Eldoraigue is **CSi Property Management**, with their head office in Midrand)

4.General Manager. Responsible for the day-to-day operational running of the estate and all the services delivered. He consults with the directors in case of urgent or matters outside his delegated authority. All defects, complaints, proposals and compliments are to be directed to the General Manager, and not to the directors directly. (The General Manager appointed by CSi at Eldoraigue is **Hansie Marais** with his office in the service centre and his admin team Carrie-Ann and Chantelle)

5.Maintenance team: Mike and David were appointed to attend to maintenance work within the common property. However, on written request, they can fix small things in the units like changing a light bulb or connecting a new washing machine, etc..

6.Medical care. The role of the estate sister, Sr Diana, appointed by CSi, is not only to provide emergency medical assistance, but also to provide ongoing feedback on the status or well-being of the estate residents. She is also there to provide post-hospital and post-operative assistance and maintenance care to residents.

(From the Office)

COVID-19 INENTINGS

by die Landgoed op 4 en 7 Junie
het vlot verloop omdat die
administrasie vooraf, die registrasie
en oproepe tydens die proses met
bekwaamheid hanteer is.









ELMED FRAIL CARE

HOME BASED CARE + FRAIL & DEMENTIA CARE

AT ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE



Part of the La Vie Care Group

COVID-19 VACCINATIONS

We got vaccinated. Protecting ourselves and others!

On 4 and 7 June La Vie Care vaccinated a total of 384 people at Eldoraigne Retirement Estate (including our Frail Care residents and workers). Our vaccinators worked tirelessly to ensure that the community is safe!

PHONE EXTENTIONS

Reception: 2008 + 2009
Management: 2010
Doctor + Village
Nurse: 2013
Admin: 2009



POPULAR HOME BASED CARE SERVICES


Our vast range of services and products are at your disposal, 24/7.



Peep-in Service



Medication Dispensing



Bath & Shower Service

+27 12 007 1608 • +27 12 007 1612

elmed@laviecare.co.za

laviecare.co.za

In gesprek met 30: Neil Brink. Krieket vir seker!

Neil is gebore op 7 Mei 1942 in Zastron in die Vrystaat, waar hy begin het met Laerskool-die eerste van vele omdat sy Pa in die Spoorweg was en baie verplaas is. Later verhuis die familie na Springs, waar hy matriek gemaak het in HS Christiaan Beyers. Hier het hy kennis gemaak met krieket en het vir die eerste span gespeel.



Na matriek begin hy by Standard Bank werk. As enkellopende was hy in die aflosafdeling en baie verplaas. Hy het aanhou krieket speel, oa. vir Carltonville (W.Transvaal); Witrivier (Lowveld Country District) en Middelburg (Country Districts). In Middelburg ontmoet hy Rachelle Roos, 'n jong bankklerk, wat saam met hom inryteater toe gaan. Hulle is op 9 Maart 1966 getroud.

Neil se hele loopbaan was in finansies. Hy het verskillende poste beklee in bemarking, verkope en bestuur in versekering en beleggings. Hy het ook verskeie beroepskursusse gedoen, insluitend die MOSC van die VSA. Na Standard Bank is hy na SA Permanente Bouvereniging en in 1973 na Ou Mutual waar hy 28 jaar sou werk tot met sy aftrede op 55 jaar as bestuurder in Potchefstroom. Hy bly egter daar aan as "aktiewe pensionaris" tot met sy intrek by die Aftree Landgoed November 2015. In Potch het hy in die kerkraad gedien, was 13 jaar lid van die Mannekoor en het ook houtwerk gedoen.

Benewens 'n kranige krieketspeler te wees, het Neil later kriekeitskeidsregter-sertifikate verwerf, tot met Eersteklas skeidsregter. Hy was betrokke in klub-, universiteits- en provinsiale wedstryde en het dus deur die jare noue kontak met ons land se top spelers gehad. Gedurende die wintermaande het hy hom as rugbyskeidsregter bekwaam tot op senior vlak.

Met al die familie se verplasings, verhuisings en krieket, het Rachelle voltyds die gesin en huishouding behartig. Hulle het 3 kinders gehad: oor die jare heen is die twee seuns oorlede, maar hulle dogter bly net oorkant die Landgoed. Die jongste twee kleinkinders is nog op skool en ywerige hokkiespelers. Die oudste wat verlede jaar in Matriek was, is tans by die Titans Krieket Akademie. Rachelle het nou tyd vir naaldwerk, lees, blokkiesraaisels voltooï en legkaarte bou.

NUWE INTREKKERS

Die Bestuur en Direksie heet die volgende nuwe intrekkers welkom en nooi hulle uit om by die kantoor navraag te doen oor alle aspekte van Landgoed verblyf waaroor onsekerheid bestaan. Die vriendelike ontvangsdames help graag.

3006 Abe en Hannelie Kotze
3036 Avril Wassermann
3128 Hermann Kaltwasser
1030 Johnny Pienaar
1323 Gerhard du Toit en Juliana Vorster

TUINSAKE

Gedurende die winterprogram van Mei tot September, word die grasperke net elke tweede of derde week gesny.

Die grassnydae het egter verander van Maandae en Dinsdae, na Donderdae en Vrydae.

Die volgende grassnysessies vind dus soos volg plaas:
24 en 25 Junie,
15 en 16 Julie,
5 en 6 Augustus
19 en 20 Augustus en daarna weer elke week.

REGSTELLING: LANDGOEDSAKE

AANMELDING VAN GEBREKE

Verduideliking 3: Indien jy 'n huurder is, moet jy self jou eie gloeilampe koop, waarna die Onderhoudspan dit kan vervang

Jammer vir die fout wat in die Junie nuusbrieff ingesluit het:
Redakteur

CORRECTION: ESTATE MATTERS

DEFECT REPORTING

Clarification 3: If you are renting a unit, you have to buy your own light bulbs and then Maintenance can change the light bulb.

Sorry for the wrong information in the June newsletter-Editor

BRONBERG RETIREMENT VILLAGE



- 1 Bedroom, 1 Bathroom ground floor apartment from R7 000
- 1 Bedroom, 1 Bathroom first and third floor apartment from R6 800
- 2 Bedroom, 1 Bathroom ground floor apartment from R8 900
- 2 Bedroom, 1 Bathroom first and second floor apartment from R8 000

Karin Stelzer
082 879 1198
karin@csirentals.co.za

Alice Odendaal
078 673 3935
alice@csiproperties.co.za

ELDORAIGNE RETIREMENT VILLAGE



- 1 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R7 000
- 2 Bedroom, 1 Bathroom apartment from R8 000
- 2 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R10 000
- 3 Bedroom, 2 Bathroom simplex from R12 000

Leatitia Ferreira
083 378 4510
leatitia@csiproperties.co.za

**Forget regret, because there
is no other day but today.**

CSi Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions

WAARSKUWING COVID-19

Die coronavirus het Gauteng weer in 'n ysterklou beet! Teen 5 000+ nuwe infeksies daaglik, is die hospitale bykans vol. Selfs hier by die Landgoed is 16 Covid-19 positiewe gevalle in 3 weke aangemeld.

Mense het mak geraak en rondbeweeg sonder maskers en hulle nie gesteur aan sosiale afstand nie.... En nou pluk ons die wrange vrugte. Onthou die mikroskopiese deeltjies van die virus hang nog ure lank in die lug en sak nie dadelik af nie. Hierdie aerosoldeeltjies is baie klein en kan soos rook in die lug hang. Dra jou masker of bly in jou huis! Indien jy om noodsaaklike redes buite moet wees, handhaaf 'n gesonde afstand en saniteer gereeld.

Drink jou Vitamine C en zink; oefen jou longe deur gereelde diep asemhaling; kom in jou tuin vir vars lug en Vitamine D; sorg dat jy nie verkoue kry nie; eet genoeg groente en vrugte.

EN KRY JOU INENTING!

(Christina)



CSi Sales
Rentals
Property Management
Trustworthy Property Solutions



Motivated Sales Agents Wanted

Please send your **CV** to vacancies@csiproperties.co.za
or contact Bob on **083 325 5243** should you have



WHILE YOU ENJOY THE
HOT CHOCOLATE WEATHER,
I CAN HELP YOU FIND YOUR HOME

Eldoraigne Retirement Village

3 Bedroom + Study, 2 Bathroom Simplex. Double Garage
FOR SALE - R2 795 000

3 Bedroom, 2 Bathroom Simplex. Double Garage
FOR SALE - R2 650 000



RUAN ERASMUS

C | 071 481 6199 • E | ruan@csisales.co.za